**Hoërskool McLachlan**

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-9402775
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 20/10/2023

Geagte Ouers/Voogde

1. **Bedankings:**
   Groot dank aan die volgende dames wat borgskappe vir die prysuitdeling aangevra het:
   - Samantha Strydom
   - Caro-Lee Wright
   - Ursula Mey
   - Mieke Baldie

2. **Prysuitdelingborgskappe:**

# Prysuitdeling borgskappe 2023

Baie dankie vir u deelname as borg aan die 2023 Prysuitdeling. **U borgskap word aangewend vir boek- en kontantpryse vir leerders van Graad 1 – 12 wat gedurende die afgelope jaar presteer het.**

Ons het groot waardering vir u betrokkenheid by ons skool.

- Adendorff
- Amanda Wright
- Anton Oosthuizen bouers
- Celeste Walters
- Charlene Botha
- Chubby Sam
- Chucky Strydom
- David & Lindie Meyer
- Di Pienaar
- Dr Ockie Strydom
- Gnomad (Pty) Ltd
- Grannies
- Hair by Dee
- Hair Creations
- Joubertina Foodzone
- Joubertina Kwekery
- Leon Crous
- Linda Baldie
- Louis Kritzinger
- Manus Ferreira
- Mevrou Elize van Greunen
- Mieke Baldie
- Mooi
- Movewright Kinderkenetika
- Office Solutions
- Paulette Baldie
- PEP Stores Joubertina
- Seatle Leersentrum
- Sisko
- Spectra Trust
- Stan Pienaar
- Vredendal Boerdery
- Zelda Greeff

herotel

3. **<u>Reëlings, Maandag, 23 Oktober</u>:**
Die gr. 12-personeel moet Maandag, 23 Oktober, gedurende skoolure 'n verpligte departementele vergadering bywoon. Daar sal dus Maandag, 23 Oktober, nie skool vir die gr. 8- tot 12-leerders wees nie – gebruik die tyd tuis vir eksamenvoorbereiding.

Gr. 1- tot 7-leerders het 'n normale skooldag.

4. **<u>Eksamenreëlings</u>:**
Die eksamen vir graad 4- tot 11-leerders begin Maandag, 30 Oktober, en eindig Vrydag, 24 November.

Alle leerders ontvang vandag 'n eksamenrooster..

- Eksamentye: 07:30 tot 12:00
- Busse vertrek 12:10

Tydens die eksamen geld die volgende reëlings:

- 07:30: Leerders tree aan in rye en beweeg na die dag se afkondigings na hulle onderskeie eksamenlokale.
- AFWESIGHEDE tydens eksamen:
    - Indien 'n leerder afwesig is, moet 'n doktersbrief/kliniekbrief so gou as moontlik by mev.Daleen Strydom ingehandig word.
    - Indien enige ander krisis opduik, moet dit persoonlik met mev. Stuurman gereël word.

Indien bogenoemde versuim word, sal 'n leerder vir die betrokke eksamenvraestel 0% ontvang.

- Leerders moet sorg dat hulle elke dag die korrekte skryfbehoeftes het.
- Leerders se tasse/sakke mag onder geen omstandighede by hulle wees tydens die eksamensessie nie.
- Netheid van leerders (hare, naels en volle skooldrag) is steeds volgens skoolreëls.
- Graad 1 tot 6 leerders is elke dag by die skool.
- Graad 7 tot 11 leerders wat nie die betrokke dag 'n vak skryf nie, mag by die huis bly om te leer.
- HANDBOEKE: Die vak wat die dag geskryf word, se handboek MOET ingehandig word. Indien 'n handboek weg of beskadig is, is u as ouer verantwoordelik vir die koste om dit te vervang.

**<u>Klerebanktye gedurende die eksamen:</u> Dinsdae en Donderdae vanaf 12:30 tot 13:00**

5. **<u>Langklooffees: 25 – 28 Oktober 2023</u>:**
**<u>McLachlan-kinderkaartjie:</u>**
Alle Hoërskool McLachlan-leerders van graad 1-11, kry die geleentheid om vir die Langkloof Bloeiselfees 'n spesiale McLachlan-kinderkaartjie te koop waarmee hulle dan op Vrydag, 27 Oktober 2023, aan spesifieke kinderaktiwiteite deel kan neem. McLachlan-kinderkaartjie kan vanaf Maandag by u kind se registerklasonderwyser gekoop word. 'n Kaartjie kos slegs R50.

Die aktiwiteite wat by die R50-kaartjie ingesluit is, is hier onder uiteengesit:

| Graad 1 - 7 | Graad 8 - 11 |
|---|---|
| • Hektoegang : Vrydag, 27 Oktober 2023<br>• Kulkunstenaar-vertoning (kerksaal) 10:00-11:00<br>• Franna se vertoning (kerksaal) 11:00 – 12:00<br>• 1 X rit op die "ROCKET" | • Hektoegang : Vrydag, 27 Oktober 2023<br>• Francois Boyce van Hoezit (kerksaal) 09:00-10:00<br>• Kulkunstenaar-vertoning (kerksaal) 10:00-11:00<br>• 1 X rit op die "ROCKET" |

**Koop so gou as wat jy kan jou McLachlan-kinderkaartjie en kom neem deel aan die feespret op Vrydag, 27 Oktober 2023.**




<u>**Vrydag, 27 Oktober 2023, se dagprogram:**</u>

- **07:30** - Graad 1- tot 11-leerders kom almal in gewone klere skool toe. Leerders wat R50-kaartjies gekoop het, ontvang hul feesbandjie wat vir hulle toegang gee om Vrydag aan die kindervermaak-aktiwiteite deel te neem. Graad 8- tot 11-leerders volg 'n akademiese program tot 09:00. Graad 1- tot 7-leerders volg 'n akademiese program tot 10:00.
- **09:00** - Graad 8- tot 11-leerders gaan na die NG-kerksaal vir die 2 vertonings en gaan om 11:00 na die feesterrein vir die ander kinderaktiwiteite.
- **10:00** - Graad 1- tot 7-leerders gaan na die NG-kerksaal vir die 2 vertonings en gaan om 12:00 na die feesterrein vir die ander kinderaktiwiteite.
- **14:15** - Roetebus vertrek vanaf rugbyveld.

<u>**Ander vermaak op die feesterrein is op eie onkonste :**</u>

- 13:00 – 14:00 - Boeresport @ R10 – Skryf by juf. Nicela in. (slegs Vrydag)
- Springkastele
- Rocket
- Mini-Quads
- Bungee trampoline
- Waterslide
- Paintball

herotel

| Datum: | Aktiwiteit: | Plek: | Koste: | Kaartjies beskikbaar by: |
|---|---|---|---|---|
| Wo.<br>25 Okt. | Vrouedag | NG-kerksaal | R150 | Daleen Strydom<br>042 – 940 2775<br>info@hsmclachlan.co.za |
| Vr.<br>27 Okt. | Fatman Irene-Louise | George McLachlan-saal | Tafels:<br>R180 (ongeag ouderdom)<br>Rye stoele:<br>R 120<br>[Volw/HS-leerders]<br>R90<br>[LS/VS/Pensioenarisse] | Lelanie Ferreira<br>042 – 940 2775<br>admin@hsmclachlan.co.za |
| Sa.<br>28 Okt | Skouspel met "Illusion"-vertoning. | George McLachlan-saal | Volwassenes: R50<br><br>Laerskool- en voorskoolleerders: R30 | Michelle Terblanche<br>083 788 3648 |

Koop betyds u kaartjie om teleurstelling te voorkom. Indien u 'n elektroniese betaling doen, e-pos die bewys van betaling aan Daleen of Lelanie soos aangedui.

| | | |
|---|---|---|
| Bankbesonderhede: | Rekeningnaam: | Langklooffees |
| | Bank: | FNB Joubertina |
| | Takkode: | 210315 |
| | Rekeningnommer: | 620 2722 6978 |
| | Verwysing: | **U naam en betrokke aktiwiteit** |

Saterdag, 28 Oktober:

- ✓ Skoonheidskompetisies:

  09:00 Mej. Appelliefie en mnr. Spiertjies – 3 tot 6 jaar (voorskool)
  09:45 Mej. Botseltjie en Sportman van die jaar – 7 tot 9 jaar (gr. 1 tot 3)
  10:30 Mej. Bloeiseltjie – 10 tot 12 jaar (gr. 4 tot 6)

  Kleredrag: Meisies: Vrolik en feestelik
  Seuns: Laat jou lei deur die tema.
  Koste: R20 per leerder
  Navrae: Juf. Tania Potgieter (083 720 7273)

- ✓ Kindervermaak: [George McLachlan-saal]
  - "Fun games": ["Minute to win it." ; Spaghetti-slurp]
    Tyd: 11:30 – 12:00
    Koste: R10 per inskrywing
  - Kollewyntjie-versiering:
    Tyd: 12:00 – 13:00
    Koste: R15 per inskrywing

  Navrae: Juf. Marisa de Kock (084 701 9517)

- ✓ Familieskattejag: [George McLachlan-saal]
  Minimum van 4 in 'n span.
  Tyd: 13:00
  Koste: R30 per persoon
  Navrae: Juf. Nicela Terblanche (084 693 0239)

herotel

6. **<u>Sport</u>**:

<u>Krieket:</u>
Maandag, 23 Oktober, speel die 0/13 krieketspan teen laerskool Victory. Bussie vertrek om 11:30.
Dinsdag, 24 Oktober, speel die 0/11 krieketspan teen laerskool Victory. Bussie vertrek om 12:30.

Geen hoërskoolsport volgende week.

7. **<u>ATKV-projek</u>:**




C.J. STUURMAN
Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
tituscelestine@yahoo.com
Posbus 3, Joubertina, 6410
Oos-Kaap, Suid Afrika
Tel: +27 (0) 42 940 2775
Cell: +27 (0) 64 650 9453

Hoërskool McLachlan

McLachlan Internet Fasiliteit